# 22 Februarie 2024 - Lesing 244 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

**Belofte: "Die uitstorting van die Gees…" —** 11/12/61

**No: 8060** Ek het belowe dat Ek My Gees op alle vlees sal uitstort en dienaars en dienaresse sal profeteer. En al My beloftes sal vervul word, omdat My Woord waarheid is.

Daarom moet julle mense dit nie as ongewoon beskou dat Ek Myself uitdruk deur die Gees, dat Ek My aan julle openbaar nie. **Want dit is die tyd van die einde** en dit is noodsaaklik dat Ek getuienis gee van Myself aan julle, hoewel julle nie gedwing word om hierdie uitdrukkings deur die gees as bewys van My te sien nie. Dit is julle eie vrye keuse, maar nogtans sal julle dit makliker vind om geloof te verkry as julle aanvaar wat aan julle geopenbaar is deur die uitstorting van My Gees. Ek wil julle help, omdat julle te swak is op julle eie, **want julle kort die krag wat ontstaan deur die liefde.** En die liefde het verkil onder die mense. Slegs liefde kan julle geloof lewend maak.

En daarom sal julle direk deur My onderrig word oor **die noodsaaklikheid van 'n lewe van liefde**, omdat julle medemense se advies om te voldoen aan die gebooie van die liefde nie ernstig geneem word deur julle nie.

Daar is geen ander weg na geloof en dus ook tot redding as liefde nie, wat haarself uitdruk in **onbaatsugtige naasteliefde**. En ten einde julle in te lig wat julle moet doen, ten einde julle in te lig oor My wil, openbaar Ek Myself aan julle deur die Gees.

**Ek stort My Gees uit op alle vlees**. Ek praat Self met julle, in soverre My VaderGees spreek tot die geesvonk in julle, wat julle uiteindelik sal lei in die waarheid, wat alles sal verduidelik wat van julle verwag word om te glo, sodat julle dan die kennis sal bevestig wat, alhoewel dit nie bewys kan word nie, nogtans nie meer twyfelagtig sal lyk vir julle nie, **omdat Ek dit Self aan julle oordra deur die werking van My Gees in julle**. En so word My belofte waar.

My voor die hand liggende aktiwiteit het nodig geword in die laaste dae, omdat die mense heeltemal sonder geloof is. As hulle dus 'n poging sal aanwend om My wil te vervul, as hulle 'n poging sal aanwend om 'n lewe van liefde te leef volgens My Goddelike gebooie, sal hulle gou in staat wees om te glo, omdat die gees in hulle tot lewe sal kom **en hulle van binne onderrig**, sodat hulle oortuig sal wees dat dit wat aan hulle openbaar is deur die werking van die Gees, die waarheid is.

En omdat hierdie belofte in die Skrif ingesluit is, behoort dit nie ongeloofwaardig te wees vir mense dat Ek Myself openbaar nie.

**En tog word My Woord nie herken as die vervulling van die genoemde belofte nie en word dit verwerp en veral aangeval deur diegene wat gebruik maak van die Boek van die Boeke**. Want hulle het 'n **negatiewe siening van die Nuwe Openbaringe** omdat hulle gees nog nie ontwaak het nie en hulle is nog steeds geestelik oningelig.

Nietemin sal My Woord nooit vergaan nie, My beloftes sal waar word, en weer en weer sal Ek My aan diegene openbaar wie begeer om My stem te hoor en wie, deur liefde, **die gees in hulle tot lewe te bring**, wie, deur 'n lewe van liefde volgens My wil ook hartlike kontak met My sal maak, sodat My ewige VaderGees Homself kan uiter aan die geesvonk.

En hulle sal 'n lewende geloof hê, alles wat aan hulle oorgedra word deur My Gees sal hulle oortuiging word, want hulle weet hulle ontvang slegs die waarheid van My, dat Ek hul harte verlig en dat hulle deurdring is deur My Gees van liefde wat alle geestelike duisternis verdryf.

En só sal Ek julle help om julle weg uit die geestelike nag te vind, Ek sal alle mense help om My wil te verstaan en ook aan julle die krag gee om dit te vervul. En dan sal julle in staat wees om te glo, niks sal julle meer bevrees maak nie, **want met 'n onwrikbare geloof in My en My krag** sal julle julself aan My toevertrou en Ek sal julle gewen het vir tyd en ewigheid. Amein.

Handelinge 2

*16 Maar dit is wat deur die Profeet JôWEl gespreek is:*

*17 En in die laaste dae, spreek JaHWeH, sal Ek My Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal visioene sien, en julle oues sal drome droom. [JôWEl 2:28]*

*18 En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae My Gees uitgiet. [JôWEl 2:29]*